BYLAE I.

# Vraelys

## INSTRUKSIES:

1. Die prestasie wat u in hierdie toets behaal, sal u in geen opsig beïnvloed nie.
2. Lees elke vraag aandagtig sodat u presies weet wat gegee is en wat gevra word.
3. Beantwoord die vraag dan op die afsonderlike *antwoordbladsy* deur die sirkeltjie na die regte nommer met 'n potloot swart in te kleur.
4. Een of meer van die antwoorde by elke vraag is korrek. Oorweeg elkeen en kleur dan die sirkeltjie na die regte nommer op die antwoordblad in.
5. Vir die beantwoording is geen besondere kennis van natuurwetenskap nodig nie. *Al die informasie is in die vraag ingesluit.*
6. Daar is geen tydsbeperking nie, maar moenie tyd mors met vrae wat u nie kan beantwoord nie.
7. Lees die voorbeeld goed en kyk dan hoe dit op die antwoordblad beantwoord is.
8. Vul nou eers u naam en ander besonderhede op u antwoordbladsy in. Doen u bes en beantwoord die vrae *volgens u oortuiging.*

## VOORBEELD:

'n Eksperiment is uitgevoer deur ystervylsels en swael saam te verhit. Die eienskappe van die produk het nie met die van yster of swawel ooreengestem nie.

Watter van die volgende gevolgtrekkings kan uit hierdie proef afgelei word?

a) Die gevormde produk is 'n mengsel van yster en swael.

b) 'n Nuwe stof is gevorm.

c) Yster en swael is elemente.

d) Verhitting is onnodig.
(Die antwoord is natuurlik (b). Op die antwoordblad is voorbeeld (b) swart ingekleur).

## VRAAG 1:

My Ford motorkar het gaan staan sonder enige waarneembare rede. Ek kon dit nie weer aan die gang kry nie. Toe ek na 'n halfuur weer probeer, vat die masjien en die kar loop asof niks verkeerd was nie, maar ek was laat vir my afspraak.

Hier volg vier moontlike oplossings. Met watter een van hulle sal u tevrede wees?

a) Die buurman se Ford het nou die dag ook so gemaak, en hy weet van nog iemand wat dieselfde ondervinding met 'n Ford gehad het. Dit is dus maar die swak plek van alle Ford motorkarre, en 'n mens moet dit maar so verwag.

b) 'n Mens kan op geen masjien vertrou nie. Hy laat jou onverwags en sonder rede in die steek.

c) Aangesien die kar verder goed geloop het, kon daar eintlik niks verkeerd gewees het nie. Ek sal so met hom aanhou ry.

d) Al het die kar nou vir drie dae goed geloop, gaan ek dit vandag na 'n werktuigkundige neem vir 'n deeglike ondersoek.

## VRAAG 2:

'n Onderwyser wou vasstel of die teenwoordigheid van 'n magneet enige invloed op die chemiese eienskappe van stowwe het. Hy het toe aan sy matriekklas die volgende proewe gegee om uit te voer:

Piet moes met 'n stopoorlosie meet hoe lank dit duur om 0.2 gram ystervylsels in 50% verdunde swelsuur op te los. Koos moes dieselfde doen, behalwe dat hy die beker met yster en suur tussen die pole van 'n hoefmagneet moes plaas. Jan en Chris het dieselfde proewe uitgevoer, maar met sink i.p.v. yster. Twee ander het tin gebruik. So is die proewe uitgevoer met lood, natrium ens. Koos se bevinding was dat yster stadiger reageer as 'n magneet daarby is. Die res van die klas het geen verskille ontdek nie. Die onderwyser was baie in sy skik met die ontdekking, en het 'n artikel daaroor in 'n tydskrif geskryf, sonder om te meld dat sy klas die proewe uitgevoer het.

Dui op die antwoordblad aan met watter van die volgende bewerings u saam stem.

a) Die onderwyser is heeltemal geregtig om die eer in te palm, maar moes die werk van die klas erken het.

b) Koos het die ontdekking gedoen en die eer kom hom toe.

c) Die res van die klas, wat in werklikheid niks ontdek het nie, behoort nie te deel in die erkenning nie.

d) Dit behoort as 'n gesamentlike ontdekking van Koos en die onderwyser beskou te word.

## VRAAG 3:

Wetenskaplikes bereken dat die aarde miljoene jare oud is, maar volgens berekenings wat op die Bybel gegrond is, kan die aarde uiters 'n paar duisend jaar oud wees.

Wat is u standpunt omtrent die saak? Dui op die antwoordbladsy aan watter van die verklarings u onderskryf.

a) Die Bybel bevat nie betroubare gegewens omtrent die ouderdom van die aarde nie.

b) Die gegewens waaroor die wetenskaplikes beskik, is onbetroubaar en behoort nie bestudeer te word nie.

c) Daar behoort nog meer gegewens verkry te word voor die aarde se ouderdom vasgestel sal kan word.

d) Die ouderdom van die aarde sal nooit bereken kan word nie.

## VRAAG 4:

'n Dogtertjie het lelike vratjies aan haar vingers gehad waarvan sy nie ontslae kon raak nie. Op aanbeveling van een van haar maatjies het sy vir raad na 'n ou oom gegaan. Hy het haar op 'n maanligaand met haar rug na die maan laat staan en in die rigting van die maan op haar vingers geblaas. Na 'n paar weke het die vratjies verdwyn.

Dui op die antwoordbladsy aan met watter van die volgende bewerings, na aanleiding van hierdie voorval, u saamstem.

a) Alle vratjies verdwyn vanself na 'n tyd.

b) Dit is 'n taamlik algemene en geslaagde metode om vratjies te behandel.

c) Daar is nog ander verskynsels soos hierdie wat nie verklaar kan word nie.

d) Deur wetenskaplike navorsing sal bepaal kan word of hierdie behandeling vratjies laat verdwyn.

## VRAAG 5:

Die volgende eksperiment is deur iemand uitgevoer met die doel om die oplosbaarheid van soute in water te bepaal.
Een van die soute is by die water gevoeg en goed geroer. Telkens is meer van die sout bygevoeg, totdat die sout nie meer wou oplos nie. Die onopgeloste sout is daarna afgefiltreer, en die oplossing is oorgebring na 'n geweegde bakkie. Nadat die water verdamp het, is die bakkie met soutkristalle weer geweeg. Die gewig van die kristalle dui dan die oplosbaarheid van die sout aan. Die persoon het toe dieselfde gedoen met elkeen van die ander soute, en hulle oplosbaarheid met mekaar vergelyk.

Hier volg 'n aantal faktore wat moontlik die resultate van die proef kon beïnvloed het:

*Faktore:*

a) Die volume water wat vir elke sout gebruik is.
b) Die gewig van die sout wat by die water gevoeg is.
c) Die soort sout wat gebruik is.
d) Die temperatuur van die water.

*Vrae:*

A. Merk die faktore op die antwoordbladsy, wat in die proef konstant (eenders) gehou moet word.

B. Merk die faktore wat verander moet word.

C. Merk die faktore wat geen invloed het nie.

## VRAAG 6:

Onlangs het agt van die vyftien voetbalspelers, wat by dieselfde tafel gesit en van dieselfde kos geëet het, siek geword. Die spanbestuurder se afleiding was dat dit die kos was wat hulle siek gemaak het.

Watter een van die volgende bewerings kan met reg as geldig beskou word uit die feite wat hier gegee is? Merk die bewerings waarmee u saamstem op die antwoordbladsy.

a) Die bestuurder se afleiding was beslis reg.

b) Aangesien die helfte van die span siek geword het, is die gevolgtrekking van die bestuurder redelik.

c) Die gevolgtrekking is onsin, dan moes almal siek geword het.

d) Die siekte was waarskynlik net toevallig.

e) Daardie agt spelers het miskien net harder geoefen as die ander.

## VRAAG 7:

'n Onderwyser gee aan sy klasgroep opdrag om te bepaal of kimme beter groei in 'n nat as in 'n droë klimaat.

Watter een van die volgende metodes lyk vir u die geskikste? Dui die een waarmee u saamstem op die antwoordbladsy aan.

a) Laat die helfte van die klas droë brood en die ander helfte nat brood met kimme inent, en vergelyk die resultate.

b) Laat die klas 'n goeie biologiehandboek raadpleeg om die antwoord te vind.

c) Laat die verskillende lede van die klas nat en droë monsters van kaas, brood en lemoene neem waarop kimme maklik groei, dit inent met kimme en die resultate vergelyk.

d) Laat die klas nat en droë monsters van een soort stof met kimme inent, dit langs mekaar hou en toedek sodat hulle verder eenders behandel word, en die resultate vergelyk.

## VRAAG 8:

Daar word vermoed dat 'n sekere insektegif arseen bevat, wat vir die mens ook giftig is. Die Marsh-toets wat toegepas word om die teenwoordigheid van klein hoeveelhede arseen te bewys, vereis waterstof. Hierdie waterstof word verskaf deur die inwerking van sink op verdunde swaelsuur by gewone temperatuur. Die bevinding is nou dat die toets positief is, d.w.s. dat daar volgens die toets arseen in die besondere insektegif is.

Dui op die antwoordbladsy aan, aan watter van die volgende veronderstellings voldoen moet word, voordat die bewys van die toets aanvaar kan word.

a) Waterstof moet verskaf word deur die inwerking van sink op verdunde swaelsuur.

b) Die sink en die swaelsuur moet geen arseen bevat nie.

c) Groot hoeveelhede van die insektegif moet vir die toets gebruik word.

d) Gedurende die reaksie moet sterk verhit word.

## VRAAG 9:

Lees die volgende vier paragrawe versigtig deur en merk die nommers van die paragrawe op die antwoordbladsy wat foute bevat.

a) Vloeibare suurstof kook by —183°C en vloeibare stikstof by —196°C. As vloeibare lug verdamp, sal die stikstof geneig wees om eerste te verdamp.

b) Tydelike hardewater bevat stowwe wat opbreek as dit verhit word. Dan is die water sag en skuim maklik met seep. Permanente hardewater bevat stowwe wat nie maklik by verhitting opbreek nie, maar wel deur die byvoeging van wassoda. Tydelike hardewater word dan saggemaak deur dit te kook, terwyl permanente hardewater nie saggemaak kan word nie.

c) Platina word as katalisator by die bereiding van swaeltrioksied gebruik, om die snelheid van die reaksie te verhoog. Aangesien die katalisator nie opgebruik word nie, is 'n betreklike klein hoeveelheid platina voldoende vir die bereiding van groot hoeveelhede swaeltrioksied.

d) As kwik, water en lampolie wat nie met mekaar meng nie, bymekaar in 'n beker gegooi word, sal die kwik onder lê, want sy digtheid is amper veertien maal so groot as water s'n. Die lampolie, met 'n digtheid kleiner as die van water, sal bo dryf.

## VRAAG 10:

'n Onlangse koerantberig het beskryf dat daar tussen die kroonjuwele van een van die tsaars van Rusland 'n rooi diamant is, die enigste een wat bekend is.

Dui op die antwoordbladsy aan met watter van die volgende opmerkings in verband hiermee u saamstem.

a) Die verslag is pure bog, robyne is rooi nie diamante nie.

b) Ek sal die verslag glo as ek die diamant sien.

c) Aangesien diamante verskillende kleure het, is 'n rooie nie onwaarskynlik nie.

d) Aangesien Rusland wetenskaplik so ver gevorder het, is ek geneig om dit te glo.

e) As daar 'n rooi diamant is, sal 'n mens weer daarvan hoor.

## VRAAG 11:

In 'n eksperiment met 'n paar duisend kinders is gevind dat die tande van kinders wie se drinkwater geringe hoeveelhede fluoriede bevat, 'n derde minder sleg word as die van kinders wie se drinkwater nie fluoriede bevat nie. Daar is ook gevind dat by die kinders wie se tande met 'n fluoried gevryf word, die tandverrotting met soveel as die helfte verminder. Wanneer groter hoeveelhede fluoriede in drinkwater aanwesig is, veroorsaak dit vlekke op kinders se tande. Fluoriede is giftige stowwe en word o.a. in sekere soorte insektegif gebruik.

Hier volg 'n aantal gevolgtrekkings wat uit die eksperiment afgelei is.

*Gevolgtrekkings.*

a) Fluoriede voorkom alle tandverrotting.
b) Tandepasta behoort fluoriede te bevat.
c) Tandeverrotting word nie net deur 'n gebrek aan fluoriede veroorsaak nie.
d) Die drinkwater van kinders met gesonde tande bevat noodwendig fluoriede.

*Vrae:*

A. Merk die gevolgtrekkings op die antwoordbladsy wat u as reg beskou.
B. Merk die gevolgtrekkings op die antwoordbladsy wat u as verkeerd beskou.
C. Merk die gevolgtrekkings op die antwoordbladsy wat nie uit bostaande gegewens afgelei kan word nie.

## VRAAG 12:

'n Onderwyser moes aan die begin van 1960 voldoende swaelsuur bestel vir die hele jaar. Elkeen van sy leerlinge het jaarliks dieselfde eksperimente uitgevoer. Ten einde te bereken hoeveel hy moes bestel, het hy die volgende gegewens versamel.

a) Die aantal leerlinge in die skool in 1959.
b) Die aantal leerlinge wat wetenskap geneem het in 1959.
c) Die aantal eksperimente waarvoor swaelsuur nodig is.
d) Die hoeveelheid swaelsuur bestel in 1958.
e) Die aantal leerlinge in die skool in 1960.
f) Die hoeveelheid swaelsuur bestel in 1959.
g) Die hoeveelheid swaelsuur voor hande aan die end van 1959.
h) Die aantal leerlinge wat wetenskap neem in 1960.
i) Die hoeveelheid swaelsuur verbruik in 1959.

Sommige van die gegewens is onnodig. Merk op die antwoordbladsy die vier gegewens wat u nodig ag om die hoeveelheid swaelsuur te bereken.

## VRAAG 13:

Hier volg drie feite wat algemeen bekend is:

1) 'n Skietlood opgestel aan die voet van die Himalajagebergte hang nie loodreg nie, maar effens skuins na die berg toe.

2) 'n Groot klip en 'n klein klippie wat gelyktydig vanaf 'n hoë toring gelos word, bereik die aarde gelyktydig.

3) Nadat kol. Glenn met sy kamera uit sy ruimteskip fotos geneem het, het hy die kamera net daar in sy kajuit gelos. Dit het in die lug bly sweef, asof dit op 'n onsigbare rak lê. (The Reader's Digest, Mei 1962, bl. 54).

Soek nou uit die volgende besonderhede die beginsel uit waarvan al die bogenoemde feite afhanklik is. Merk die beginsel dan op die antwoordbladsy.

*Beginsels.*

a) Alle stowwe bestaan uit molekule.

b) Die massa van 'n liggaam verander nie.

c) Alle materie word aangetrek deur swaartekrag.

d) Die gewig van 'n liggaam verander van plek tot plek.

## VRAAG 14:

Hier volg drie items wat elk uit twee verskynsels bestaan:

a) Die son skyn op die aarde. — Die aarde is warm.

b) Die lig van die weerligstraal. — Die meegaande dreuning.

c) Die ysterstaaf word in 'n sterk vlam gehou. — Die smeltpunt van yster is 1500°C.

Dui op die antwoordbladsy aan of die EERSTE verskynsel

A. Die oorsaak van die tweede is.

B. Geen oorsaak van die tweede verskynsel is nie.

C. Albei verskynsels die gevolg van dieselfde oorsaak is.

## VRAAG 15:

'n Leerling het 'n stukkie magnesium sterk verhit en toe in 'n gassilinder vol suurstof geplaas. Die stof wat in die silinder gevorm is, is met water opgeskud en met lakmoes getoets. Hierna het die leerling dieselfde gedoen met ander elemente en die volgende tabel van sy resultate gemaak.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| Element | Vlamkleur | ——— | Kleur van lakmoes |
| Magnesium | a) Wit | a) Wit vaste stof | Blou |
| Swael | b) Blou | b) Wit rook | Rooi |
| Koolstof | c) Brand | c) Kleurlose gas | Rooi |
| Koper | d) Groen | d) Swart vaste stof | —— |

A. Merk op die antwoordblad die gegewens in kolom 2 wat nie in die kolom pas nie.

B. Merk op die antwoordblad die gegewens in kolom 3 wat hy nie kon waarneem nie.

C. Merk op die antwoordbladsy watter een van die volgende gegewens 'n goeie opskrif vir kolom 3 is:

a) Kleur van produk.
b) Voorkoms van produk.
c) Vorm van reaksie.
d) Soort produk.

D. Toe die tyd verstreke was, kon die leerling nog nie die laaste besonderheid in kolom 4 invul nie, want die proef was nog nie klaar nie.

Merk op die antwoordblad watter een van die volgende prosedures die leerling nou moet volg.

a) Hy moet die plek ooplaat.
b) Hy moet die antwoord van 'n klasmaat inskryf.
c) Hy moet die regte antwoord in 'n handboek opsoek.
d) Hy moet redeneer dat dit 'n metaal is wat gebrand het, en die woord „blou" inskryf.

BYLAE III.

# Vraelys

## INSTRUKSIES:

1. Die prestasie wat u in hierdie toets behaal, sal u in geen opsig beïnvloed nie.
2. Lees elke vraag aandagtig sodat u presies weet wat gegee is en wat gevra word.
3. Beantwoord die vraag dan op die afsonderlike *antwoordbladsy* deur die sirkeltjie na die regte nommer met 'n potlood swart in te kleur.
4. Een of meer van die antwoorde by elke vraag is korrek. Oorweeg elkeen en kleur dan die sirkeltjie na die regte nommer op die antwoordblad in.
5. Vir die beantwoording is geen besondere kennis van natuurwetenskap nodig nie. *Al die informasie is in die vraag ingesluit.*
6. Daar is geen tydsbeperking nie, maar moenie tyd mors met vrae wat u nie kan beantwoord nie.
7. Lees die voorbeeld goed en kyk dan hoe dit op die antwoordblad beantwoord is.
8. Vul nou eers u naam en ander besonderhede op u antwoordbladsy in. Doen u bes en beantwoord die vrae *volgens u oortuiging.*

## VOORBEELD:

'n Eksperiment is uitgevoer deur ystervylsels en swael saam te verhit. Die eienskappe van die produk het nie met die van yster of swawel ooreengestem nie.

Watter van die volgende gevolgtrekkings kan uit hierdie proef afgelei word?

a) Die gevormde produk is 'n mengsel van yster en swael.

b) 'n Nuwe stof is gevorm.

c) Yster en swael is elemente.

d) Verhitting is onnodig.
(Die antwoord is natuurlik (b). Op die antwoordblad is voorbeeld (b) swart ingekleur).

## VRAAG 1:

My Ford motorkar het gaan staan sonder enige waarneembare rede. Ek kon dit nie weer aan die gang kry nie. Toe ek na 'n halfuur weer probeer, vat die masjien en die kar loop asof niks verkeerd was nie, maar ek was laat vir my afspraak.

Hier volg vier moontlike oplossings. Met watter EEN van hulle sal u tevrede wees?

a) Die buurman se Ford het nou die dag ook so gemaak, en hy weet van nog iemand wat dieselfde ondervinding met 'n Ford gehad het. Dit is dus maar die swak plek van alle Ford motorkarre, en 'n mens moet dit maar so verwag.

b) 'n Mens kan op geen masjien vertrou nie. Hy laat jou onverwags en sonder rede in die steek.

c) Aangesien die kar verder goed geloop het, kon daar eintlik niks verkeerd gewees het nie. Ek sal so met hom aanhou ry.

d) Al het die kar nou vir drie dae goed geloop, gaan ek dit vandag na 'n werktuigkundige neem vir 'n deeglike ondersoek.

## VRAAG 2:

Lees die volgende vier paragrawe versigtig deur en merk die nommer van die paragraaf op die antwoordbladsy wat foute bevat.

a) Vloeibare suurstof kook by —183°C en vloeibare stikstof by —196°C. As vloeibare lug verdamp, sal die stikstof geneig wees om eerste te verdamp.

b) Tydelike hardewater bevat stowwe wat opbreek as dit verhit word. Dan is die water sag en skuim maklik met seep. Permanente hardewater bevat stowwe wat nie maklik by verhitting opbreek nie, maar wel deur die byvoeging van wassoda. Tydelike hardewater word dan saggemaak deur dit te kook, terwyl permanente hardewater nie saggemaak kan word nie.

c) Platina word as katalisator by die bereiding van swaeltrioksied gebruik, om die snelheid van die reaksie te verhoog. Aangesien die katalisator nie opgebruik word nie, is 'n betreklike klein hoeveelheid platina voldoende vir die bereiding van groot hoeveelhede swaeltrioksied.

d) As kwik, water en lampolie wat nie met mekaar meng nie, bymekaar in 'n beker gegooi word, sal die kwik onder lê, want sy digtheid is amper veertien maal so groot as water s'n. Die lampolie, met 'n digtheid kleiner as die van water, sal bo dryf.

## VRAAG 3:

Hier volg drie feite wat algemeen bekend is:

1) 'n Skietlood opgestel aan die voet van die Himalajagebergte hang nie loodreg nie, maar effens skuins na die berg toe.
2) 'n Groot klip en 'n klein klippie wat gelyktydig vanaf 'n hoë toring gelos word, bereik die aarde gelyktydig.
3) Nadat kol. Glenn met sy kamera uit sy ruimteskip fotos geneem het, het hy die kamera net daar in sy kajuit gelos. Dit het in die lug bly sweef, asof dit op 'n onsigbare rak lê. (The Reader's Digest, Mei 1962, bl. 54).

Soek nou uit die volgende besonderhede die EEN beginsel uit waarvan al die bogenoemde feite afhanklik is. Merk die beginsel dan op die antwoordbladsy.

*Beginsels.*

a) Alle stowwe bestaan uit molekule.
b) Die massa van 'n liggaam verander nie.
c) Alle materie word aangetrek deur swaartekrag.
d) Die gewig van 'n liggaam verander van plek tot plek.

## VRAAG 4:

'n Onderwyser wou vasstel of die teenwoordigheid van 'n magneet enige invloed op die chemiese eienskappe van stowwe het. Hy het toe aan sy matriekklas die volgende proewe gegee om uit te voer:
Piet moes met 'n stopoorlosie meet hoe lank dit duur om 0.2 gram ystervylsels in 50% verdunde swelsuur op te los. Koos moes dieselfde doen, behalwe dat hy die beker met yster en suur tussen die pole van 'n hoefmagneet moes plaas. Jan en Chris het dieselfde proewe uitgevoer, maar met sink i.p.v. yster. Twee ander het tin gebruik. So is die proewe uitgevoer met lood, natrium ens. Koos se bevinding was dat yster stadiger reageer as 'n magneet daarby is. Die res van die klas het geen verskille ontdek nie. Die onderwyser was baie in sy skik met die ontdekking, en het 'n artikel daaroor in 'n tydskrif geskryf, sonder om te meld dat sy klas die proewe uitgevoer het.

Dui op die antwoordblad aan met watter EEN van die volgende bewerings u saam stem.

a) Die onderwyser is heeltemal geregtig om die eer in te palm, maar moes die werk van die klas erken het.
b) Koos het die ontdekking gedoen en die eer kom hom toe.
c) Die res van die klas, wat in werklikheid niks ontdek het nie, behoort nie te deel in die erkenning nie.
d) Dit behoort as 'n gesamentlike ontdekking van Koos en die onderwyser beskou te word.

## VRAAG 5:

Wetenskaplikes bereken dat die aarde miljoene jare oud is, maar volgens berekenings wat op die Bybel gegrond is, kan die aarde uiters 'n paar duisend jaar oud wees.

Wat is u standpunt omtrent die saak? Dui op die antwoordblad aan watter EEN van die verklarings u die meeste bevredig.

a) Die Bybel bevat nie betroubare gegewens omtrent die ouderdom van die aarde nie.

b) Die gegewens waaroor die wetenskaplikes beskik, is onbetroubaar en behoort nie bestudeer te word nie.

c) Daar behoort nog meer gegewens verkry te word voor die aarde se ouderdom vasgestel sal kan word.

d) Die ouderdom van die aarde sal nooit bereken kan word nie.

## VRAAG 6:

Daar word vermoed dat 'n sekere insektegif arseen bevat, wat vir die mens ook giftig is. Die Marsh-toets wat toegepas word om die teenwoordigheid van klein hoeveelhede arseen te bewys, vereis waterstof. Hierdie waterstof word verskaf deur die inwerking van sink op verdunde swaelsuur by gewone temperatuur. Die bevinding is nou dat die toets positief is, d.w.s. dat daar volgens die toets arseen in die besondere insektegif is.

Dui op die antwoordbladsy aan, aan watter EEN van die volgende veronderstelling voldoen moet word, voordat die bewys van die toets aanvaar kan word.

a) Waterstof moet verskaf word deur die inwerking van sink op verdunde swaelsuur.

b) Die sink en die swaelsuur moet geen arseen bevat nie.

c) Groot hoeveelhede van die insektegif moet vir die toets gebruik word.

d) Gedurende die reaksie moet sterk verhit word.

## VRAAG 7:

Onlangs het agt van die vyftien voetbalspelers, wat by dieselfde tafel gesit en van dieselfde kos geëet het, siek geword. Die spanbestuurder se afleiding was dat dit die kos was wat hulle siek gemaak het.

Watter EEN van die volgende bewerings kan met reg as geldig beskou word uit die feite wat hier gegee is? Merk die bewering waarmee u saamstem op die antwoordbladsy.

a) Die bestuurder se afleiding was beslis reg.
b) Aangesien die helfte van die span siek geword het, is die gevolgtrekking van die bestuurder redelik.
c) Die gevolgtrekking is onsin, dan moes almal siek geword het.
d) Die siekte was waarskynlik net toevallig.
e) Daardie agt spelers het miskien net harder geoefen as die ander.

## VRAAG 8:

'n Onderwyser gee aan sy klasgroep opdrag om te bepaal of kimme beter groei in 'n nat as in 'n droë klimaat.

Watter een van die volgende metodes lyk vir u die geskikste? Dui die EEN waarmee u saamstem op die antwoordbladsy aan.

a) Laat die helfte van die klas droë brood en die ander helfte nat brood met kimme inent, en vergelyk die resultate.
b) Laat die klas 'n goeie biologiehandboek raadpleeg om die antwoord te vind.
c) Laat die verskillende lede van die klas nat en droë monsters van kaas, brood en lemoene neem waarop kimme maklik groei, dit inent met kimme en die resultate vergelyk.
d) Laat die klas nat en droë monsters van een soort stof met kimme inent, dit langs mekaar hou en toedek sodat hulle verder eenders behandel word, en die resultate vergelyk.

## VRAAG 9:

'n Onlangse koerantberig het beskryf dat daar tussen die kroonjuwele van een van die tsaars van Rusland 'n rooi diamant is, die enigste een wat bekend is.

Dui op die antwoordbladsy aan met watter EEN van die volgende opmerkings in verband hiermee u saamstem.

a) Die verslag is pure bog, robyne is rooi nie diamante nie.
b) Ek sal die verslag nie glo voordat ek die diamant sien nie.
c) Aangesien diamante verskillende kleure het, is 'n rooie nie onwaarskynlik nie.
d) Aangesien Rusland wetenskaplik so ver gevorder het, is ek geneig om dit te glo.
e) As daar 'n rooi diamant is, sal 'n mens weer daarvan hoor.

## VRAAG 10:

'n Dogtertjie het al vir die afgelope jaar lelike vratjies aan haar vingers gehad waarvan sy nie ontslae kon raak nie. Op aanbeveling van een van haar maatjies het sy vir raad na 'n ou oom gegaan. Hy het haar op 'n maanligaand met haar rug na die maan laat staan en in die rigting van die maan op haar vingers geblaas. Na 'n paar weke het die vratjies verdwyn.

Dui op die antwoordbladsy aan met watter EEN van die volgende bewerings, na aanleiding van hierdie voorval, u saamstem.

a) Alle vratjies verdwyn vanself na 'n jaar.

b) Dit is 'n taamlik algemene en geslaagde metode om vratjies te behandel.

c) Daar is nog ander verskynsels soos hierdie wat nie verklaar kan word nie.

d) Deur wetenskaplike navorsing sal bepaal kan word of hierdie behandeling vratjies laat verdwyn.

## VRAAG 11:

'n Onderwyser moes aan die begin van 1960 voldoende swaelsuur bestel vir die hele jaar. Elkeen van sy leerlinge het jaarliks dieselfde eksperimente uitgevoer. Ten einde te bereken hoeveel hy moes bestel, het hy die volgende gegewens versamel.

a) Die aantal leerlinge in die skool in 1959.
b) Die aantal leerlinge wat wetenskap geneem het in 1959
c) Die aantal eksperimente waarvoor swaelsuur nodig is.
d) Die hoeveelheid swaelsuur bestel in 1958.
e) Die aantal leerlinge in die skool in 1960.
f) Die hoeveelheid swaelsuur bestel in 1959.
g) Die hoeveelheid swaelsuur voor hande aan die end van 1959.
h) Die aantal leerlinge wat wetenskap neem in 1960.
i) Die hoeveelheid swaelsuur verbruik in 1959.

Sommige van die gegewens is onnodig. Merk op die antwoordbladsy die VIER gegewens wat u nodig ag om die hoeveelheid swaelsuur te bereken.

# VRAAG 12:

'n Leerling het 'n stukkie magnesium sterk verhit en toe in 'n gassilinder vol suurstof geplaas. Die stof wat in die silinder gevorm is, is met water opgeskud en met lakmoes getoets. Hierna het die leerling dieselfde gedoen met ander elemente en die volgende tabel van sy resultate gemaak.

| 1 | 2 | 3 | 4 |
|---|---|---|---|
| Element | Vlamkleur | ——— | Kleur van lakmoes |
| Magnesium | a) Wit | a) Wit vaste stof | Blou |
| Swael | b) Blou | b) Wit rook | Rooi |
| Koolstof | c) Brand | c) Kleurlose gas | Rooi |
| Koper | d) Groen | d) Swart vaste stof | —— |

A. Merk op die antwoordblad watter EEN van die gegewens in kolom 2 nie in die kolom pas nie.

B. Merk op die antwoordblad watter EEN van die gegewens in kolom 3 hy nie kon waarneem nie.

C. Merk op die antwoordblad watter EEN van die volgende gegewens 'n goeie opskrif vir kolom 3 is:

a) Kleur van produk.
b) Voorkoms van produk.
c) Vorm van reaksie.
d) Soort produk.

D. Toe die tyd verstreke was, kon die leerling nog nie die laaste besonderheid in kolom 4 invul nie, want die proef was nog nie klaar nie.

Merk op die antwoordblad watter EEN van die volgende prosedures die leerling nou moet volg.

a) Hy moet die plek ooplaat.

b) Hy moet die antwoord van 'n klasmaat inskryf.

c) Hy moet die regte antwoord in 'n handboek opsoek.

d) Hy moet redeneer dat dit 'n metaal is wat gebrand het, en die woord „blou" inskryf.

## VRAAG 13:

Die volgende eksperiment is deur iemand uitgevoer met die doel om die oplosbaarheid van soute in water te bepaal.

Een van die soute is by die water gevoeg en goed geroer. Telkens is meer van die sout bygevoeg, totdat die sout nie meer wou oplos nie. Die onopgeloste sout is daarna afgefiltreer, en die oplossing is oorgebring na 'n geweegde bakkie. Nadat die water verdamp het, is die bakkie met soutkristalle weer geweeg. Die gewig van die kristalle dui dan die oplosbaarheid van die sout aan. Die persoon het toe dieselfde gedoen met elkeen van die ander soute, en hulle oplosbaarheid met mekaar vergelyk.

Hier volg 'n aantal faktore wat moontlik die resultate van die proef kon beïnvloed het:

*Faktore:*

a) Onopgeloste sout bly agter op die filtreerpapier.

b) Die gewig van die sout wat oplos.

c) Die volume water wat vir elke sout gebruik is.

d) Die gewig van die sout wat by die water gevoeg is.

e) Die soort sout wat gebruik is.

*Vrae:*

A. Merk op die antwoordblad EEN faktor wat in die proef konstant gehou moet word.

B. Merk op die antwoordblad die EEN faktor in die proef, wat verander moet word.

C. Merk op die antwoordblad die EEN faktor, nie 'n blote waarneming nie, wat geen invloed op die resultaat het nie.

D. Merk op die antwoordblad die EEN faktor waaroor die proefnemer in die proef geen beheer het nie.

## VRAAG 14:

In 'n eksperiment met 'n paar duisend kinders is gevind dat die tande van kinders wie se drinkwater geringe hoeveelhede fluoriede bevat, 'n derde minder sleg word as die van kinders wie se drinkwater nie fluoriede bevat nie. Daar is ook gevind dat by die kinders wie se tande met 'n fluoried gevryf word, die tandverrotting met soveel as die helfte verminder. Wanneer groter hoeveelhede fluoriede in drinkwater aanwesig is, veroorsaak dit vlekke op kinders se tande. Fluoriede is giftige stowwe en word o.a. in sekere soorte insektegif gebruik.

'n Aantal gevolgtrekkings is uit die eksperiment afgelei.

A. Soek EEN korrekte gevolgtrekking uit die groep wat hierna volg en merk sy nommer op die antwoordblad.

*Gevolgtrekkings:*

a) Fluoriede voorkom alle tandverrotting.

b) Fluoriede is giftige stowwe.

c) Fluoriede los op in drinkwater.

d) Goeie tandepasta bevat fuoriede.

e) Tandverrotting word nie net deur 'n gebrek aan fluoriede veroorsaak nie.

*Vrae:*

B. Soek EEN verkeerde gevolgtrekking uit hierdie groep en merk sy nommer op die antwoordblad.

C. Soek EEN gevolgtrekking uit die bogenoemde groep waarvoor te min gegewens in die eksperiment is om die afleiding te maak, en merk sy nommer op die antwoordblad.

D. Soek uit die bogenoemde groep EEN uit wat 'n voorwaarde vir die eksperiment is en nie 'n gevolgtrekking nie en merk sy nommer op die antwoordblad.

# VRAAG 15:

A: Soek uit die drie items wat hierna volg een uit waarvan die eerste sin die oorsaak van die tweede is, en merk sy nommer op die antwoordblad.

*Items:*

a) i) Die lig van die weerligstraal. ii) Die meegaande dreuning.

b) i) Die ysterstaaf is magneties. ii) Die smeltpunt van yster is 1500° C.

c) i) Die son skyn op die aarde. ii) Die oppervlakte van die aarde is warm.

